# Taffienuus September 2023

**Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede**

Dit is aan die einde van September en ons het 'n baie nat laaste naweek gehad. Die Kaap van Storms het behoorlik sy naam gestand gedoen. Ons harte gaan uit aan die mense wat baie skade gelei het – ook die lewens wat verloor is in die proses. Ons dink aan klublede en hulle families wat hierdeur geraak is .

Ons het ook die uitslae ontvang van die PSSA se Impala jaar (geëindig Julie 2023)– Tafelberg en sy lede het ontsettend goed presteer!

Indien daar lede is wat vir hulle honours wil inskryf die einde van die jaar Kim Stevens hou weer 'n sessie daaroor vanaf 17 Okt.

## 1. WEN-FOTO'S VAN SEPTEMBER 2023

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Voedingstyd: Adriaan van Zyl**<br>**Wenner: Ope en Maand wenner** | **Vreugde in die tuin: Adriaan van Zyl**<br>**2de: Ope** |
|  |  |
| **Into the mist: Adriaan van Zyl**<br>**Wenner: Vaste kategorie** | **Dragons Peak Venue: Quintus Heine**<br>**2de: Vaste kategorie** |



**Hungry Blackback Jackal**
**Junior Wenner: Johan Benade**

**Baie geluk aan ons wenners en ander goeie foto's.** Ek moedig lede aan om hulle foto's in te skryf – Dis al hoe jy groei as iemand jou foto evalueer en jy heeltyd probeer beter doen.

## 2. KLUB PRESTASIE:
## 2.1 Impala uitslae 2023

Die PSSA se landswye Impala punte word bereken met die Salon inskrywings en prestasies. Met die Finale uitslae van die jaar (jaar geëindig in Julie 2023) bekend, het ons kennis geneem dat Tafelberg en sy lede uitstekend gevaar het**.**

- **DIE BESTE KLUBS IN DIE LAND:**
  **Tafelberg het landswyd 16de geëindig** (daar is 104 deelnemende klubs in die land.) In die Wes-Kaap het ons 2de geëindig – Net 'n kortkop agter Kaapstad. Tafelberg het beter as Kaapstad gedoen met die PDI, maar Kaapstad het ons met sy goeie deelname in "prints" gewen. Baie geluk aan Kaapstad en Tafelberg.

- ### Indiwidue (DPI –DIGITAAL)
  Die volgende prestasie is deur indiwidue behaal in die landswye salonne
  (Daar is 599 landswye deelnemers aan salonne gewees)
  Ons eerste 10 lede het soos volg presteer:

  Dixon Norval: 27 ste landswyd en 1 ste in die Wes Kaap
  Christo Giliomee 28 ste landswyd en 2de in Wes Kaap
  Neels Beyers 65 ste landswyd
  Mariana Visser 75 ste
  Theo Potgieter 83 ste
  Adriaan van Zyl 94 ste
  Philip de lange 110 ste
  Karen van Zyl 131 ste
  Louise de lange 177 ste
  Quintus Heine 180 ste

- ### Individue (print)

  Mariana Visser het 7de plek landswyd behaal.

## 2.2 Salonuitslae (vir 2023-2024 Impala jaar)

- Ons het die volgende uitslae vir aanvaardings in die Nasionale Salonne van PSSA gedurende Aug /Sept ontvang:

| | 9th Sandton |
|---|---|
| Neels Beyers | 3 |
| Louise de Lange | 1 |
| Andre de Koker | 2 |
| Christo Giliomee | 1 Meriete en 6 |
| Quintus Heine | 2 |
| Dixon Norval | 2 Meriete en 3 |
| Theo Potgieter | 4 Meriete en 6 |
| Juliana van Dyk | 5 |
| Mariana Visser | 3 |
| | |

Thomas Bothe het sy CoE en CoE(vers) van die PSSA ontvang !!!

**Baie-baie geluk aan elkeen met hulle uitstekende prestasie. Tafklub is baie trots op elke lid wat so presteer.**

## 3. OPLEIDING EN HULP SESSIE VIR NUWE EN OU LEDE:

**Saterdag 28 Oktober om 9:00- 11:00** gaan ons 'n zoom sessie hou vir lede oor die volgende:

- Hoe werk Photovault?
- Hoe skryf ek my foto's vir kompetisies in?
- Watter foto's kan ek vir klubkompetisies inskryf?
- Hoe skryf ek vir salonne in? En wat se foto's werk vir salonne?
  Julle kan vrae voor die tyd instuur.

- **Ek sal graag wil weet of jy dit wil bywoon- so laat weet my asb. via Whattsapp** (0833816878) of epos (qheine@gmail.com).

-

## 4. OKTOBER SE BYEENKOMSTE

- Die volgende vaardigheidsaand is **Dinsdag 10 Oktober om 19:00 by Logos gemeente** Die onderwerp is Wildsfotografie en die spreker is die bekende **Johan Kloppers**.
- Die fotografie uitstappie is **Saterdag 14 Okt.** na Rondevlei. Ons gaan voëls afneem.
- Die maand se klubkompetisie is **24 Oktober** en die sluitingsdatum is **18 Oktober. Die beoordelaar is Christo Giliomee. Die vaste kategorie is "Wildsfotografie"**

## 5. INTERKLUB- FEESVIERING VAN FOTOGRAFIE.

Hierdie jaar is daar nie 'n kompetisie tussen klubs nie, maar 'n Feesgeleentheid om fotografie te vier. Dit word die Vrydag en Saterdag van 10 en 11 Nov. by Groot Constantia gehou.

- Vrydagaand 10 Nov.- is die opening van 'n Foto uitstalling van 15 klubs in die Wes Kaap. Martin Barber is spreker by die opening van die geleentheid in Constantia Hulle beperk ons getalle.

- Elke klub kan 10 foto's inskryf vir die uitstalling ( een foto per persoon)

- Saterdagoggend 11 Nov. bied Martin Barber 2 sessies aan - Die koste vir die Saterdagoggend is R200p/p. Die wat die Saterdag wil bywoon kan my whatsapp want ek moet gou getalle bespreek.

Indien van julle voel dat julle 'n foto wil inskryf vir die uitstalling - kontak my . Die bestuur sal 10 foto's kies uit die jaar se foto's en deurstuur voor 10 Okt. Ongelukkig kan ons net 10 foto's vir uitstalling stuur

## 6. JAARAFSLUITING

Ons jaarafsluiting is op 2 Desember. Hou asb. die datum oop. Ons gaan baie lekker kuier en feesvier. Dit word gehou by Adriaan en Karen van Zyl se huis. Ons sal later meer detail en kostes deurgee. Ek sal ook in begin Nov. 'n stemming organiseer vir foto van die jaar.

## 7. TAFKLUB SE KOMITEE VIR 2024:

Op 24 Oktobermaand se kompetisie byeenkoms hou ons weer 'n spesiale Jaarvergadering om ons bestuur te kies vir volgende jaar. Hiermee gee ons kennis van die spesiale Jaarvergadering.

Die komitee bestaan op die oomblik uit 6 lede en ons wil dit graag uitbrei na 8 lede toe. Dit sal goed wees as daar lede is wat kans sien om op die manier terug te ploeg wat die klub vir julle beteken. Dink maar of jy iemand wil nomineer. As jy beskikbaar is om op die manier te dien, kan jy maar net vir my skakel. Die volgende lede is reeds genomineer en hulle het die nominasies aanvaar:
Quintus Heine: Voorsitter
Adriaan v Zyl: O/voorsitter
Karen van Zyl: Sekretaresse
Hendi Barnard : Photovault:
Juliane van Dyk: Uitstappies:
Theo Potgieter: Tesourier
Addisionele lid: vakant- (Vaardigheidsaande en werkswinkels )
Addisionele lid: vakant (Sosiale byeenkomste help)

Komiteelede aanvaar normaalweg verantwoordelikheid vir meer as een taak. **Op die eerste byeenkoms van die nuwe bestuur word die verantwoordelikhede verdeel.**

Kom stel jou gawes beskikbaar. **Indien jy kans wil sien vir 'n verantwoordelikheid maar wil nie noodwendig op die bestuur dien nie. Kontak my gerus. Ons het heelwat lede wat groot verantwoordelikhede aanvaar buite die bestuur**. Soos bv. ons Salon direkteur. Dit is nie net bestuurslede wat verantwoordelikheid vir take aanvaar nie.
**Vir navrae kan julle gerus vrymoedigheid neem om met my te gesels**

## Ten slotte:

*Onthou: Neem baie foto's !! Om foto's te neem maak van jou 'n dankbare mens. Ons is bevoorreg om die skepping deur 'n lens te bekyk!!!!*

**Vriendelik Groete**

**Quintus Heine**